DSPACE

https://dspace.org/

Die Hollandse en afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-afrika, 1824-1940

Combrinck, Wilhelmus Gerhardus

2015-02-13
http://hdl.handle.net/10539/16995

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND.
JOHANNESBURG.

TELEFOON No.
44-3781.

MILNER PARK,
JOHANNESBURG.

H. D. L.

Ek verklaar hiermee dat hierdie verhandeling,
Die Hollandse en Afrikaanse letterkundige Tydskrifte van Suid Afrika (1824–1940)",
ingelewer vir die M.A. graad by die Universiteit van die Witwatersrand, my eie werk is en dat dit nog nie by 'n ander universiteit ingelewer is vir 'n graad of erkenning nie.

W. G. Combrinck.

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND,
JOHANNESBURG.

DIE HOLLANDSE EN AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE TYDSKRIFTE.

VAN

SUID-AFRIKA.

1824-1940.

VERHANDELING VIR DIE GRAAD

VAN

MAGISTER ARTIUM.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND.

1944.

W. G. COMBRINCK.

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND
14 APR 1945
LIBRARY.

I N H O U D S O P G A W E.

	Bls.
Die verskil tussen Tydskrifte en Nuusblaaie.	1.
Tydskrifte as die Geestelike Brandpunt van hulle Tyd.	2.
Toestande aan die Kaap met die begin van die 19e Eeu.	3.
1. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift.	
Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid van die Blad.	7.
Inhoud van Het. Ned. Z.A.T.	
1. Prosa	8.
2. Poësie	15.
3. Letterkundige Kritiek.	16.
Die Betekenis van Het Ned. Z.A.T. en sy ondergang.	17.
2. Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift.	
Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid.	19.
Bydraers en Bydraes.	
1. Prosa	24.
2. Poësie	26.
3. Boekbesprekings en Aankondigings	29.
Die Ondergang van Het. Z A.T.	30.
3. Jong Zuid-Afrika	
Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid. ...	32.
Inhoud van J.Z.A.	
1. Prosa	34.
2. Poësie	35.
3. Boekaankondiging	35.
Die Ondergang van J.Z.A.	35.
4. Ons Tydschrift.	
Ontstaan, Doel en Gerigtheid	36.
Bydraes en Bydraers	
1. Prosa	39.
2. Poësie	42.
3. Letterkundige Kritiek	43.

Die/...

	Bls.
Die Dood van Ons Tydschrift	43.
Die Kultuurhistoriese Waarde van die Hollandse Tydskrifte	44.
5. Ons Klyntji.	
Ontstaan, Gerigtheid en Doel	50.
Die Ontstaan van Afrikaans.....	53.
Die Inhoud	58.
Medewerkers en Bydraes.	
1. Prosa	60.
2. Poësie	64.
Die Kultuurhistoriese Waarde van Ons Klyntji ...	67.
Die Ondergang van Ons Klyntji	69.
6. Ons Taal.	
Medewerkers en Bydraes	
1. Prosa	71.
2. Poësie	73.
Die Kultuurhistoriese Waarde van Ons Taal.	74.
Die Ondergang van Ons Taal	75.
7. De Goede Hoop.	
Ontstaan, Gerigtheid en Doel	76.
Medewerkers en Bydraes.	
1. Prosa	81.
2. Poësie	83.
3. Letterkundige Kritiek	86.
Die Kultuurhistoriese Waarde van De Goede Hoop.	87.
Die Ondergang van De Goede Hoop.	88.
8. Die Brandwag.	
Sy Ontstaan, Doel en Gerigtheid	91.
Medewerkers en Letterkundige Bydraes ...	
1. Prosa	96.
2. Letterkundige Kritiek	102.
3. Poësie	103 (ii).

Die/...

		Bls.
	Die Kultuurhistoriese Waarde van Die Brandwag.	106.
	Die Ondergang van Die Brandwag.....	112.
9.	Werda.	115.
10.	Ons Moedertaal.	
	Die Ontstaan, Doel en Gerigtheid	118.
	Die Inhoud van Ons Moedertaal.	120.
	Die Waarde van Ons Moedertaal	121.
11.	Die Huisgenoot	123.
	Die Doel van Die Huisgenoot	124.
	Die Gerigtheid van Die Huisgenoot	125.
	Die Inhoud .	
	1. Prosa	126.
	2. Poësie	133.
	3. Letterkundige Kritiek	135.
	Die Kultuurhistoriese Waarde van Die Huisgenoot	158.
12.	Die Nuwe Brandwag	169.
	Ontstaan, Gerigtheid en Doel	169.
	Die Inhoud	170.
	Letterkunde: Verhale	171.
	Poësie	172.
	Letterkundige Kritiek	174.
	Die Betekenis van die Nuwe Brandwag vir sy Tyd.	178.
13.	Ons Tydskrif r..	
	Ontstaan, Gerigtheid en Inhoud	180.
	Poësie	181.
	Letterkundige Kritiek	182.
	Die Kultuurarbeid wat Ons Tydskrif verrig het.	185.
14.	Ons Eie Boek	187.
	Die Besprekings van Afrikaanse Letterkundige Boeke	188.
	Studies en Letterkunde.....	191.

	Bls.
Die Betekenis van Ons Eie Boek	192.
15. Die Brandwag (Voorafgegaan deur Die Boerevrou en Die Moderne Vrou.)	
1. Die Boerevrou	193.
2. Die Moderne Vrou	193.
3. Die Brandwag	195.
16. Die Jaarboek van Die Afrikaanse Skrywerskring.	204.
17. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.	
Die Ontstaan, Gerigtheid en Doel.	210.
Die Inhoud van die Tydskrif t.o.v. Letterkunde en Taalkunde.	211.
Boekbeoordeling.	212.
SLOT	215.
Bibliografie	217.

DIE HOLLANDSE EN AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE TYDSKRIFTE IN SUID-AFRIKA VANAF 1824 tot 1940.

DIE VERSKIL TUSSEN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE.

Hier volg 'n oorsig van die verskillende letterkundige tydskrifte wat in Suid-Afrika verskyn het oor 'n periode van meer as 'n honderd jaar.

Onder die naam tydskrif verstaan ons 'n periodieke blad - weekliks, maandeliks of kwartaalliks, wat grootliks die lesende publiek se letterkundige of lektuur smaak wil bevredig.

'n Letterkundige tydskrif is bedoel om die lesende publiek op te voed en te onderrig wat betref letterkunde en die beeldende kunste.

Uit die aard van die saak moet 'n letterkundige tydskrif nie net 'n gedeelte van die publiek bevredig nie. Dus is dit wenslik, waar so 'n bevolking of lesende publiek klein is om al die lesendes onder sy vaandel te skaar en hom te weerhou van alle politiek. Letterkunde en Politiek meng nie maklik nie.

Nuusblaaie of koerante kies die kant van politieke partye en dien as organe vir sulke partye. Die beginsels van so 'n party word dan hoog en laag in sy orgaan verdedig terwyl die teenparty verfoei en verguis word. Die politieke en alledaagse nuus wat in die meeste gevalle die onbetroubaarste getuie is van die werklikheid, vorm die hoof inhoud van 'n nuusblad.

Tog het die meeste Afrikaanse koerante in Suid-Afrika veel gedoen vir die letterkundige ontwikkeling. Die Patriot kan beskou word as 'n gesamentlike nuusblad en tydskrif. In Die Burger, Die Vaderland e.a. koerante was daar ook gewoonlik net eenmaal 'n week 'n rubriek vir letterkunde en kuns.

Seksionele tydskrifte val nie in die bestek van hierdie

verhandeling/...

verhandeling nie.

TYDSKRIFTE AS DIE GEESTELIKE BRANDPUNT VAN HULLE TYD.

Gedurende die tweede kwart van die 19e eeu het „De Gids" uitgestaan as die draer van 'n nasionale romantiek --- die draer van die denkbeelde van verganklikheidsbesef en ewigheidsverlange, grensbesef en vryheidsdrif teenoor die denkbeelde van huislike geluk en selfgenoegsaamheid van die voorafgaande Tollens skool.

Maar teen 1870 vind ons weer 'n terugsinking. Die letterkunde het begin arm en dor aan gees en skoonheid word. Met „De Nieuwe Gids" as geestelike brandpunt ontstaan daar weer die skerpste romantiese denkbeelde, soos naturalisme en individualisme. Daarna moes die afsydige individualisme van die Tagtigers weer plek ruim vir meer maatskaplike elemente soos sosialisme en kommunisme. Die kultuur kan nie afsonderlik van die ekonomiese lewe geag word nie en nog minder is die letterkunde afgesonder en vry binne die kultuur.

In Vlaandere was die tydskrif „Van Nu en Straks" die suiwerste en invloedrykste orgaan van die opgroeiende Vlaamse geesteslewe. Die romantiese denkbeelde aangaande die noue samehang van nasionale krag en volkstaal wat uit Duitsland oorgewaai het, het die ideële grondslag van die Vlaamse Beweging uitgemaak.

So sien ons dat tydskrifte kom en gaan met die wisseling van maatskaplike denkbeelde.

Die regstreekse verband met Nederland gedurende die Hollandse regering aan die Kaap bring mee dat die kultuur aan die Kaap Nederlands is en die Nederlandse tydskrifte was hier nie onbekend nie.

Toestande/...

TOESTANDE AAN DIE KAAP MET DIE BEGIN VAN DIE 19^{e} EEU.

Na die verowering van die Kaap deur Engeland het hierdie Hollandse kultuur bly voortbestaan. „Die verbreking van die verband tussen Nederland en Suid-Afrika was eintlik net 'n staatkundige."

Gedurende die Bataafse regering aan die Kaap het De Mist 'n deeglike stelsel van sekulêre opvoeding probeer invoer, maar die teenkanting van die koloniste op godsdienstige gebied en die permanente oordrag van die Kaap aan die Engelse regering het dit laat misluk. Alleen die skool „Tot nut van 't Algemeen" bly voortbestaan as 'n stelsel van voorbereidende Hollandse onderwys.

Ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Hollandse Bybel het baie daartoe bygedra om die Hollandse kultuur in die lewe te hou. Holland bly ook die sentrum vir hoër onderwys vir die Afrikaner.

Nouliks was die Engelse die tweede keer aan die Kaap of die verengelsing begin met die gewone versoeningspolitiek en Engelse sosiëteitswese soos Clubs, Balls, theatres en races." Daar was 'n groot garnisoen gevestig aan die Kaap destyds. Hierdie sosiale faktor was 'n groot aantreklikheid vir baie Afrikaners en Afrikaanse name as voorbeelde van verengelsing het spreekwoordelik geword.

Aan die anderkant egter het dit die grootste meerderheid van die bevolking in die harnas gejaag. Onder die Hollandse bestuur was daar van toneel weinig sprake. Sodra die staatkundige verband met Nederland verbreek is ontwaak die gevoel van saamhorigheid. Die Koloniste verkry self agting en binnelandse gewig en is nie meer „een verdeelde wagchelende en tydelyke verzameling van gelukzoekers" nie. (Programme, Ned. Z.A.T. Jrgg.1.)

Onder prikkel van die Engelse garnisoen toneelopvoerings

begin/...

begin die Hollandssprekendes met komediespel. Maar dit was deur en deur Hollands. Die hardnekkigheid en gelykwaardigheid waarmee die Hollandse kultuur langs die Engelse te staan kom lei tot kragtiger maatreëls van Engelse kant. Engelse onderwys van die jeug sal die volgende geslag vir die Engelse taal verseker. Reeds in 1809 (dus voor die Kaap werklik in Engelse besit was) was Generaal Collin se raad: „Import English teachers and the next generation will be Englishmen." (dr. E. Malherbe: „Education in South Africa", aangehaal deur G.S. Nienaber in Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners.)

Goewerneur Cradock wou hierdie verengelsing indirek verwesenlik deur sy Onderwysstelsel van „Kosterscholen" in 1810. En nadat die Engelse onderwysers ingevoer is het Lord Charles Somerset deur wetgewing die Hollandse taal verbied in die geregshowe en goewermentskantore en skole. Veral Somerset se verordening i.v.m. die onderwys was 'n swaar slag vir die Koloniste. Orals word vry Engelse skole opgerig. Die Bell en Lancashire Monitoriese stelsels is ook ingevoer en selfs privaat skole is opgerig soos die Academy van Pringle en Fairburn in 1824 om die verengelsingspoging te steun (Cory: The Rise of South Africa II).

Hierdie opsetlike verengelsing het 'n groot wedywer laat ontstaan. Die Afrikaner se verset teen die verdrukking van sy taal, die taal van sy vader, van sy godsdiens en Bybel neem vorm in die stigting van privaatskole en die invoering van Hollandse onderwysers. Die vrye Engelse skole het begin wegkwyn sodat in 1838 die vrye skole op Paarl, Salem en Port Francis gesluit moes word.

Botsings soos Die Swarte Ommegang (1812) Slachtersnek (1815) en Hottentote Verordening van 1828 het nog verdere verwyderings tussen Afrikaners en Engelse teweeggebring.

Die/...

Die koms van die Britse Setlaars 1820 was vir die Hollandse Afrikaner 'n verdere bewys van Anglisasiepolitiek.

Maar die sluwe politiek van die Engelse regering sou die oorwinning behaal. Wat nie met mag bereik kon word nie, word nou met die „lokmiddel van 'n bietjie gee en baie neem" bewerkstellig. Met die belofte van 'n bietjie Hollandse onderwys word die Hollandse kinders so stadig aan teruggelok na die regeringskole. Die privaat skole val ook in die strik van 'n £30 toelae op voorwaarde dat Engels as vak in die skole toegelaat word en onderhewig moet wees aan goewermentsinspeksie. So suksesvol was hierdie toegewings dat daar in 1845 twaalfmaal soveel kinders in goewermentskole was as in 1839. (dr. Eybers: Onderwys in Suid-Afrika.) Engelse onderwys het nie alleen die uitsluitlike gebruik van die Engelse taal beteken nie maar ook die aankweek van die Engelse gees. Selfs op kerklike gebied was die anglisasie politiek toegepas deur die invoer van Skotse en Engelse predikante. In sommige kerke is die hoofdiens in Engels waargeneem.

Op maatskaplike gebied was die toestand ook naglik. Daar was geen mark vir die produkte nie en die staatsdiens was vir die Afrikaners gesluit omdat hulle nie die Engelse taal magtig was nie. (Von Wielligh: „Eerste Skrywers".)

Dus vanaf 1795 tot 1855 sien ons die eerste kultuur opbloei aan die Kaap gebore uit gelykwaardigheidsgevoel met die van die Engelse.

Hollands is dan ook die taal wat die koloniste gebruik om hulle bestaansveiliging te handhaaf en geestelik saam te bind. Vanaf 1795 begin daar jaarlikse almanakke te verskyn, wat veral 'n vername rol in die toneel gespeel het.

Die oudste koerant, die Kaapsche Courant, wat eintlik geheet het „Het Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter" het in Somerset se tyd as gevolg van die afskaffing van Hollands 'n staatsblad geword onder die naam „the Cape of

Good/...

Good Hope Government Gazette." Die burgers was egter so lief vir die koerant dat Suasso de Lima dit as 'n privaat koerant in Hollands voortgesit het en algemeen bekend was onder die naam van De Verzamelaar.

In 1824 stig ds. Abraham Faure die eerste Hollandse tydskrif aan die Kaap.

Op 9 April 1830 word die eerste suiwere Hollandse koerant „De Zuid-Afrikaan$" opgerig.

Wat onderwys betref het die „Tot Nut van 't Algemeen" skole die Hollandse onderwys hooggehou tot 1870. Sedert 1830 het dit baie van sy bloei te danke aan die Kerk in die persoon van ds. A. Faure. In 1839 is De Zuid-Afrikaansche Athemaeum gestig onder leiding van die kerk en ds. A. Faure. Dit was oorspronklik bedoel vir Hollandssprekendes. Dr. Changuion het sy koms na Suid-Afrika aan hierdie inrigting te danke. Maar die regering het gesorg dat dit die grootste seggingskap in hierdie inrigting verkry het en die toenemende verengelsing daarvan het Changuion aangespoor om sy eie Instituut in Strandstraat op te rig.

1842 - 1860 (Z.A.T. III 194 O.T. 1898 bl. 193.)

Sy skool was 'n brandpunt van Hollandse onderwys aan die Kaap maar op die lange duur was selfs dit ook nie bestand teen verengelsing nie.

'n Ander wapen wat 'n vername faktor was in die stryd teen die oorheersing van Engels, was die tydskrifte.

Het/...

HET NEDERDUITSCH ZUID-AFRIKAANSCHE TYDSCHRIFT.

(1824 - 1843.)

1. DIE ONTSTAAN, DOEL EN GERIGTHEID VAN DIE BLAD.

Die welgeoefendes onder al die range in die kolonie het reeds lank gelede hulle vurige verlange te kenne gegee vir 'n tydskrif wat hulle begeerte vir 'n ruime en goeie opvoeding sal bevredig en „ons aanmoedigen tot het vertrouwen op eene gelyke vordering in den Godsdienst en opregtheid." Deze benewens de letterkunde en wetenschappen zyn de wortels en bloemen van des volks sterkte."

Met hierdie oogmerk en onder die invloed van die publieke indrukke is Het Ned. Z.A.T. ontwerp deur ds. Abraham Faure, die Kaapstadse predikant. Die Tydskrif sal al om die ander maand gedruk word in afwisseling met sy medeganger „The South African Journal, „waardoor men hoopt in de behoeften van deze beide volkeren meer volkomen te voorzien."

Die plan waarop die tydskrif ontwerp is, het nie veel verskil van die vernaamste tydskrifte in Europa nie.

„Die tydskrif het hom ten doel gestel om onderwerpe meer onmiddellik met die kolonie verbonde, soos haar handel, staatkunde en godsdiens die eerste in aanmerking te neem. Maar ook wetenskaplike onderwerpe in geskiedenis van ander lande en veral van Engeland" sou nie uit die oog verloor word nie. (Programma Ned. Z.A.T. I, 1824).

„Maar vooral zal de Godsdienst, de hechste steun van waar geluk altyd op den voorgrond staan." Daarby hoop die redaksie dat hierdie eerste Suid-Afrikaanse tydskrif „niet nutteloos bevonden moge worden in het verspreiden van gezonde kennis en zuiwere denkbeelden en dat hetzelve strekken moge ter bevordering van zedelyke verbetering en maatschappelyk geluk."

Van die begin af voer die blad 'n sukkelende bestaan, want aan die end van die eerste jaargang verskyn 'n kennisgewing van die redakteur waarin hy meld dat die intekeningsgelde nie die

onkoste/...

onkoste dek nie. Hy voel hom dus genoodsaak om die uitgawe van die tydskrif te staak.

Daar was nie genoeg belangstelling nie. Daar was baie min mense in die kolonie wat gelees het. Dit bewys dat die meeste koloniste kultureel baie onontwikkel was.

Ds. Faure het met die regte stimulus voor die dag gekom om die sluimerende belangstelling wakker te skud. In die Woensdagse Engelse tydskrif het 'n spot epitaaf op die dood van „Het Ned. Z.A. Tydschrift" verskyn. Mnr. J.J.C. Hofmeyr meen dat hierdie hekelstukkie die werk van ds. Faure self was. Hierdie smalende kritiek het verontwaardiging uitgelok. Die aansienlikste persone het vergader en besluit om die voortbestaan van die blad te waarborg. Twee jaar later was daar alreeds 200 intekenaars en in 1834 toon die balansstaat 'n batige saldo van meer as 2,000 riksdalers. Die intekeningsgeld is toe verminder van 15 tot 12 riksdalers per jaar.

INHOUD VAN HET NED. Z.A.T.

1. PROSA.

In uitvoering van die doel van die tydskrif soos in die Programma van die eerste nommer vermeld, open die tydskrif met die overdenkinge van E.D.P. „Aan God" waarin hy beklemtoon dat 'n verstandige en opregte godsdiensoefening die beste „sieraad is van die mens."

So begin byna elke uitgawe met 'n godsdienstige onderwerp of leerrede. Sommige van hierdie preke word ontleen aan Christoludus (ds. Helperus Ritzema van Lier) se Eenvoudige Leerredenen. Die droë onaantreklike styl en vervelige herhaling maak hierdie predikasies baie eentonig, maar dit gee ons 'n denkbeeld van die preekwyse van daardie tyd.

Die wetenskaplike artikels handel oor sulke onderwerpe soos: Iets over de thee cultuur; Uitvinding der Boekdrukkunst; Merkwaardigheden uit allerlei wetenschappen" e.s.m.

Lewen... stse/...

Lewensskets van aansienlike Suid-Afrikaners word ook geplaas soos die van ds. Helperus van Lier, Ryk Tulbagh en 'n „Kort Levensberigt" oor ds. M. Borchards, e.s.m. Die Levensskets van den Wel. Ed. Groot Achtbaren Heer Ryk Tulbagh deur Wylen de Weleerwaarden zeergeleerden Heer Johannes Petrus Serrurier gee ons 'n inleiding in die roubedryf en droefheid wat destyds moes geheers het tydens sy dood en in watter ere die bevolking hom moes gehou het.

Ook Onderwys verg die aandag van die tydskrif en verskeie artikels word geplaas soos 'n samespraak oor „Gebreken in de Opvoeding der Kinderen" deur Serieus; „Iets over het onderwys in den Godsdienst," „Bedenkingen ter bevordering en uitbreiding van onderwys in de Buiten Distrikten".

Selfs huislike aangeleenthede word nie vergeet nie soos gesondheidspraatjies: „Zamesprach tussen Franklin en de jicht"; „Middel tegen kanker", en „Raad van onze mede Kapenaaren over de Burgerlyke huishoudkunde", e.a.

Die heer W.S. van Ryneveld gee 'n „Beschouwing over de Veeteelt, Landbouw, Handel en Finantie van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop."

Zuid-Afrikaansche kronyk bevat plaaslike berigte en gebeurtenisse.

Elke nommer eindig met 'n „Register van Geboorten, Huwelyken en Overledenen" in die verskillende dorpe.

Origens is daar baie gebruik gemaak van artikels uit buitelandse blaaie en tydskrifte. Hiervan getuig die meeste kort verhale en sedelesse soos „De Blauwe zakdoek (Eene ware geschiedenis uit het Fransch.); „Edelmoedigheid e.a. Oosterse verhale" wat uit Van der Palm se werk getiteld „Salomo" geput is; „Grappige trek van eene listige vrouw" is uit Roscoe's Italiaansche Romances. Die meeste van hierdie verhale eindig met 'n sedeles of moraal.

Op die/...

Op die gebied van die geskiedenis is daar baie waardevolle en oorspronklike werk verrig.

Die Dagverhaal van Jan van Riebeeck is die eerste gepubliseer in Het Ned. Z.A.T. van 1924 tot 1840. Hierdie egte geskiedkundige dagregister in die eenvoudige alledaagse taal van die tyd, bevat gedeeltes „die in hun eenvoud en waarheid van voorstelling van onverwoestbare schoonheid zyn."

Nieteenstaande die verveling van die rapportstyl is daar 'n verskeidenheid en rykdom van inligting wat dit aantreklik maak. Selfs die minder boeiende dele het hulle kultuurhistoriese waarde. Met kronologiese juistheid volg ons van Riebeeck se manne se daelikse worsteling teen wind en weer en hulle lyding. „Met 'n soort fatalistiese deursettingsvermoë bly die oorlewendes deurwerk," nieteenstaande teleurstelling op teleurstelling. Die ' gte „Wilden" Herry, Sonnoa en Eva word vir ons lewende beelde van daardie tyd.

Die reisjoernale van die reise na die binneland op soek na die mitiese stad Vigiti Magna en die reise om die kus wat byna net so, soms gewysig en verbeter in die register opgeneem is, is van die boeiendste dele.

Na afloop van die eerste jaargang van Het Ned. Z.A.T. en nadat sewentig lede die voortbestaan daarvan gewaarborg het, het die redakteur 'n beroep gemaak op die leraars van die verskillende distrikte. Hy verlang van hulle 'n geskiedenis van die eerste vestiging en verdere voortplanting van die Godsdiens in hulle gemeentes. Hierdie beroep het nogal nie onbeantwoord gebly nie. Dit bewys bydrae soos „Bydragen tot de geschiedenis van Graaff-Reinet" en „Beskrywing van Stellenbosch."

Een van die vernaamste medewerkers van Het Ned. Z.A.T. was die deeltydse predikant van Stellenbosch, ds. Meent Borcherds. Sy seun P.B. Borcherds bring aan die lig dat sy

vader/...

vader alreeds letterkundige werk gelewer het voor die koms van Het Ned. Z.A.T. „De Maan" is 'n natuurgedig wat bewys dat ds. M. Borcherds 'n groot liefhebber is van die natuur. Maar in Het Ned. Z.A.T. het hy hom meer toegelê op die geskiedenis van Suid-Afrika, sy nuwe vaderland.

Toe Het Ned. Z.A.T. begin verskyn, het hy besluit om 'n geskiedenis van Stellenbosch te skryf.

In die tweede jaargang begin sy vervolg-stukke „Beschryving van Stellenbosch". Die eerste vier stukke handel oor die ligging van die dorp, die burgerlike en kerklike besture en die skole. In die derde jaargang volg 'n geskiedenis van die vernaamste gebeurtenisse wat in die dorp plaasgevind het; soos die opstand van Etienne Barbier; die klag van Gustaaf Willem van Imhoff oor die gebrek aan leraars en die kerke en die verwaarlosing van die Godsdiens in die Kolonie as ook die dood van Ryk Tulbagh in 1771 en die lykrede deur ds. Serrurier.

Die beskrywings word vervolg tot in die sewende jaargang 1830, wanneer dit eindig met die tweede verowering van die Kaap. In hierdie beskrywing kry ons ontroerende beskrywings van die natuurskoon van Stellenbosch veral waar hy die aardbewing van 1804 beskryf.

Natuurskone plekke rondom Stellenbosch gee aanleiding tot korter sketse; „De Waterval in den Jonkershoek naby Stellenbosch waarvan die eerste deel in die Commercial Advertiser van 7 Januarie verskyn het, en „Beschryving van de Fransche Hoeks Hottentots Hollands Kloof," (Jrg. VII.) Volgens P.B. Borcherds se „Memoir" is die stukke wat onder die voorletters E.D.P. in die tydskrif verskyn ook die werke van sy vader.

In „De Merkwaardige Grot" wat onder die voorletters verskyn, verdedig hy die Koloniste teen die beledigende verslae van die reisbeskrywings oor die Kaap. Hy vra

die/...

die vraag of dit nie al die tyd is om die algemene geskiedenis van die Kaap te skryf nie, „Niet uit losse geruchten of partiele beschrywingen van doortrekkende reizigers maar uit den oorspronkelyken archieven des lands opgemaakt."

Die redakteur, ds. A. Faure, het natuurlik hom uitgenooi om hierdie taak aan te pak.

Vansf 1828 het hy begin stof versamel uit die argief van die kolonie vir sy „Algemeene Geschiedenis der Europeesche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop" waarvan „Van Riebeeck se Instructiën en Memoriën" aan sy opvolger Zacharias Wagenaar in Het Ned. Z.A,T. verskyn. (D 1 V).

Ds. Borcherds het 'n baie loflike voorbeeld van geskiedskrywing in die Kaap gestel. Hy het die dokumente self gesorteer en verwerk. Verder het hy gebruik gemaak van Kolbe se „Beschrywing van de Kaap de Goede Hoop." Sy feite is goed in kronologiese volgorde gestel maar dikwels kry die predikant die oorhand oor die geskiedskrywer. In die historiese verhaal „De Merkwaardige Grot" word Die grot versinnebeeld as 'n monument van Gods grootheid. Hy vermaan die mensdom oor die onsekerheid van die lewe en die ydelheid van die menslike hoop.

Sy Anekdote „Spotzucht bestraft" wys sy afkeur van spot of louheid teenoor die Godsdiens en die straf wat daarop kan volg. (Ned. Z.A.T. 1.)

Die gedigte van ds. Borcherds wat in Het Ned. Z.A.T. verskyn het, bewys dat die kuns bysaak was by sy morele lesse; „Troostgronden Voor Stervende Christenen" is gedeeltes wat vertaal is in rymlose verse van 'n Hoogduitse vertaling van Feitama se tendensroman Telemachus. Hy was aangegryp deur die nuttige en leersame daarin. Dit moet dien om die droefgeestige en swaarmoedige te troos. Net so is „Lucretia's bedroefdheden Echtgenoot." (N.Z.A.T.III) 'n opwelling van vaderlike bekommernis oor die lot van sy dogter. Die

dogter/...

dogter wat na haar moeder luister teen die goeie raad van die vader is die oorsaak van groot ellende in die huis. Dit wil blyk of hierin 'n stukkie outobiografie skuil.

De Levensreis (N.Z.A.T.III) is 'n leerdig waarin afgebeeld word die suigelingsperiode, die jeug en die rypere leeftyd van die mens. Daarop volg die moraal: „God bepaal die begin en die einde van elke mens se reis. In hierdie gedig en in „Chineesche Ode" sien ons sy teenkanting van die nuwe gees van die Franse Rewolusie.

Na sy dood is 'n lang nagelate gedig: Gedicht over de Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop" in Jrg. IX van Het Ned. Z.A.T. gepubliseer. Volgens dr. Conradie (Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika) is byna al sy stof in hierdie gedig ontleen aan Kolbe se Beskrywing van de Kaap de Goede Hoop en Valentyn. Die dierelewe van S.A. word breedvoerig op rym gebring, asook die gevegte en jag van die Hottentotte en dan die moralistiese vinger-wysing wat ook van toepassing op die Europese nasies is: „die kwaad wat in 't duelleeren zy." Hierdie nagelate gedig bewys dat behalwe die bestendige studie wat hy van die wetenskappe gemaak het en sy bespiegelinge van die natuur wat een van sy grootste verrukkinge was, hy ook 'n lewendige gees vir die digkuns besit.

A.N.E. Changuion, wat na Suid-Afrika gekom het om as leeraar in die Z.A. Athenaeum te dien en later sy eie Instituut gestig het, was vanaf 1833 redakteur van Het Ned. Z.A.T. waardeur sy werksaamhede aansienlik uitgebrei het. Hy was saam met die redaksie verantwoordelik vir die stigting van die Maatskappy ter uitbreiding van Beschaving en Letterkunde. Van nou af neem die verrigtinge van hierdie Maatskappy 'n steeds groter plek op in die tydskrif. Die tydskrif word dan ook die amptelike orgaan van die Maatschappy.

Die doel van die „Maatschappy ..." was blykbaar om meer

belangstelling/...

belangstelling in die tydskrif aan te wakker en om die onderwys se belange te behartig.

By die halfjaarlikse vergaderings sou daar gereeld lesings gehou word deur een van die lede van die Maatschappy. Changuion self het 'n paar sulke voorlesings gehou; „Voorlezing over de beoefening der schoone kunsten in het algemeen en meer byzonder over de Welsprekenheid," en „Aanmerkingen over Levensbeschryvingen in het algemeen en meer byzonder over het leven van Erasmus" wat hy gehou het na aanleiding van 'n lewensbeskrywing wat die redakteur ontvang het en wat uit die Penny Magazine ontleen is. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van die gebruik van deeglike bronne in sulke beskrywings, as persoonlike kennis van die persoon onmoontlik is.

Changuion het gou gemerk dat Hollands in Suid-Afrika al baie verander was. In 1840 hou hy sy „Voorlezing tot aanpryzing van de beoefening der Nederduitsche Taal en Letterkunde in Zuid-Afrika", (Het Ned. Z.A.T. XIX) voor die „Maatschappy." Later volg 'n voordrag: „Uit ware belangstelling in de Nederduitsche Taal en Letterkunde" en weer 'n „Voorlezing over Niets" (Het Ned. Z.A.T. XVII) wat 'n soort beskouing is van die werk van sekere Nederlandse taalgeleerdes soos Ten Kate, Bilderdyk, Van der Palm e.a. Sy pogings om die Nederlandse taal in Suid-Afrika te bestendig het misluk, maar sy geskrifte is belangrike kultuur-historiese bronne oor die ontstaan van die Afrikaanse Taal.

Om die lesers aan te moedig is prysvrae ook uitgeskryf. Baie van hierdie lesings en prysvrae was bokant die vuurmaakplek van die gewone leek. I.p.v. die belangstelling wat hulle verwag het, het dit die lesers onverskillig gelaat. Hierin lê een van die groot oorsake van die dood van die tydskrif.

In Het Ned. Z.A.T. verskyn daar ook 'n paar gedigte van

dr. A.N.E./...

Author Combrinck W G
Name of thesis Die Hollandse en Afrikaanse Letterkundige tydskrifte van Suid Afrika 1944

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.